

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c

Woensdag 19 Julie 1978

WINDHOEK

Wednesday 19 July 1978

No. 3794

Goewermentskennisgewing

Government Notice

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE
Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika

J. F. GREEBE
Acting Secretary for South West Africa.

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek.

Administration of South West Africa
Windhoek.

No. 174]

[19 Julie 1978

No. 174]

[19 July 1978

ORDONNANSIE, 1978: UITVAARDIGING VAN

ORDINANCE, 1978: PROMULGATION OF

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 12 van 1978 Munisipale Wysigingsordonnansie, 1978

No. 12 of 1978 Municipal Amendment Ordinance, 1978

No. 12 van 1978 **MUNISIPALE WYSIGINGSORDONNANSIE, 1978***(Goedgekeur 26 Junie 1978)**(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)**(Datum van inwerkingtreding 19 Julie 1978; art. 6 en art. 7 afgekondig te word — sien art. 10)***ORDONNANSIE**

Tot wysiging van die Munisipale Ordonnansie 1963 betreffende die wyse van bepaling van die grense van die wyke waarin 'n munisipaliteit verdeel of herverdeel word; betreffende die kennisgewings wat gepubliseer moet word voor die uitoefening deur die Uitvoerende Komitee van die bevoegdhede by artikel 7 van genoemde Ordonnansie verleen; betreffende die uitbring van stemme deur persone wat nie kan lees of skryf nie of wat deur blindheid of ander liggaamlike gebrek onbekwaam is om op die voorgeskrewe wyse te stem; betreffende die bydraes wat die Uitvoerende Komitee tot die fondse van munisipaliteite maak ten opsigte van geboue of persele, van belasting vrygestel, wat as wonings geokkupeer of as huisvestingsinrigtings gebruik word; betreffende die kortings waarop persone geregtig is wat paaieimente van belasting betaal binne dertig dae na die datum waarop dit verskuldig en betaalbaar word en die kortings waaraan die betaling van belasting gehê op onroerende eiendom belasbaar ingevolge die Wet op Belasting op Spoorwegeiendom, 1959, onderhewig is; om die bedrag betrokke by kontrakte waarvoor rade nie om tenders hoef te vra nie, te verhoog; om voorsiening te maak vir die toekenning van ereburgerskap van 'n munisipaliteit en die vryheid van 'n dorp; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Wysiging van artikel 7 van Ordonnansie 13 van 1963.

1. Artikel 7 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (hieronder die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (g) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(g) 'n munisipaliteit in enige aantal wyke verdeel of herverdeel en die grense van sodanige wyke bepaal of herbepaal —

(i) deur daardie grense te merk op 'n kaart van die munisipale gebied, welke kaart —

(aa) voorsien is van 'n onderskeidende nommer; en

(bb) te alle tye gedurende die gewone kantoorure van die betrokke raad

MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE, 1978

No. 12 of 1978

(Assented to 26 June 1978)

(Afrikaans text signed by the Administrator-General)

(Date of commencement 19 July 1978; sec. 6 and sec. 7 to be promulgated — see sec. 10)

ORDINANCE

To amend the Municipal Ordinance, 1963, in regard to the manner of definition of the boundaries of the wards into which a municipality is divided or re-divided; in regard to the notices to be published before the exercise by the Executive Committee of the powers by section 7 of the said ordinance conferred; in regard to the recording of votes by persons who are unable to read or write or who are incapacitated by blindness or other physical cause from voting in the prescribed manner; in regard to the contributions made by the Executive Committee to the funds of municipalities in respect of buildings or sites, exempt from rates, which are occupied as dwellings or used as accommodation establishments; in regard to the reductions to which persons who pay instalments of rates within thirty days of the day on which they become due and payable shall be entitled and the reductions to which the payment of rates levied on immovable property rateable in terms of the Rating of Railway Property Act, 1959, shall be subject; to increase the amount involved in contracts for which councils shall not be required to call for tenders; to provide for the awarding of freedom of a municipality and freedom of a town; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Section 7 of the Municipal Ordinance, 1963 (hereinafter referred to as the principal Ordinance), is hereby amended —

Amendment of section 7 of Ordinance 13 of 1963.

(a) by the substitution for paragraph (g) of subsection (1) of the following paragraph:

“(g) divide or re-divide any municipality into any number of wards, and define or re-define the boundaries of such wards —

(i) by marking such boundaries on a map of the municipal area, which map —

(aa) shall be provided with a distinctive number; and

(bb) shall at all times during the normal office hours of the council concern-

No. 12 van 1978 MUNISIPALE WYSIGINGSORDONNANSIE, 1978

ter insae beskikbaar moet wees op 'n plek by die kantoor van die betrokke raad wat die Uitvoerende Komitee op aanbeveling van die betrokke raad bepaal; en

(ii) op so 'n wyse dat die getal kiesers in elke wyk by benadering gelyk is;"; en

(b) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:

“(1A) Enige proklamasie kragtens hierdie artikel uitgevaardig waarby die grense van die wyke waarin 'n munisipaliteit verdeel of herverdeel is, bepaal of herbepaal word, moet —

(a) die in subartikel (1)(g)(i)(aa) bedoelde nummer van die kaart waarop sodanige grense gemerk is; en

(b) die kragtens subartikel (1)(g)(i)(bb) bepaalde plek waar daardie kaart ter insae beskikbaar moet wees,

vermeld.”.

Vervanging van artikel 8 van Ordonnansie 13 van 1963.

2. Artikel 8 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Voorafgaande voorwaardes by die uitoefening van bevoegdhede.

8. Die Uitvoerende Komitee kan na ontvangs van 'n petisie wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie ordonnansie met betrekking tot die uitoefening van bevoegdhede ingedien word, en na publikasie van die inhoud en die versoek van so 'n petisie —

(a) in minstens een gewone uitgawe van die *Offisiële Koerant* en minstens een keer in 'n nuusblad, in die geval van so 'n petisie wat betrekking het op die uitoefening van die bevoegdhede by die laasvoorgaande artikel verleen om 'n munisipaliteit in 'n aantal wyke te verdeel of te herverdeel en die grense van sodanige wyke te bepaal of te herbepaal;

(b) in twee opeenvolgende gewone uitgawes van die *Offisiële Koerant* en minstens een keer per week vir drie agtereenvolgende weke in 'n nuusblad, in die geval van so 'n petisie wat betrekking het op die uitoefening van enige ander bevoegdhede (as die bevoegdhede om 'n munisipaliteit in 'n aantal wyke te verdeel of te herverdeel en die grense van sodanige wyke te bepaal of te herbepaal) by die laasvoorgaande artikel verleen,

MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE, 1978

No. 12 of 1978

ed lie open to inspection at a place at the offices of the council concerned determined by the Executive Committee upon the recommendation of the council concerned; and

(ii) in such a manner that the number of voters in each ward shall be approximately equal;"; and

(b) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

"(1A) Any proclamation promulgated under this section by which the boundaries of the wards into which any municipality has been divided or re-divided are being defined or redefined, shall state —

(a) the number, referred to in subsection (1)(g)(i)(aa), of the map on which such boundaries have been marked; and

(b) the place determined under subsection (1)(g)(i)(bb) where such map shall lie open to inspection."

2. The following section is hereby substituted for section 8 of the principal Ordinance:

Substitution of section 8 of Ordinance 13 of 1963.

"Conditions precedent of powers.

8. The Executive Committee may exercise any of the powers by the last preceding section conferred, after the presentation of a petition in pursuance of the provisions of this Ordinance for the exercise thereof, and after the publication of the substance and prayer of such petition —

(a) in at least one ordinary issue of the *Official Gazette* and at least once in any newspaper, in the case of any such petition for the exercise of the powers by the last preceding section conferred to divide or re-divide a municipality into any number of wards and to define or re-define the boundaries of such wards;

(b) in two consecutive ordinary issues of the *Official Gazette* and in any newspaper, at least once a week during three consecutive weeks, in the case of any such petition for the exercise of any other powers (than the powers to divide or re-divide a municipality into any number of wards and to define or re-define the boundaries of such wards) by the last preceding section conferred,

No. 12 van 1978 MUNISIPALE WYSIGINGSORDONNANSIE, 1978

enige bevoegdhede by die laasvoorgaande artikel verleen, uitoefen, en kan, na eie goeddunke, die versoek van enige sodanige petisie weier of die geheel of 'n deel daarvan toestaan.”

Wysiging van artikel 9 van Ordonnansie 13 van 1963.

3. Artikel 9 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die inhoud en versoek van elke petisie moet, voordat dit aan die Uitvoerende Komitee voorgelê word —

- (a) in minstens een gewone uitgawe van die *Offisiële Koerant* en minstens een keer in 'n nuusblad, gepubliseer word, in die geval van so 'n petisie wat betrekking het op die uitoefening van die bevoegdhede by artikel *sewe* verleen om 'n munisipaliteit in 'n aantal wyke te verdeel of te herverdeel en die grense van sodanige wyke te bepaal of te herbepaal;
- (b) in twee opeenvolgende gewone uitgawes van die *Offisiële Koerant* en minstens een keer per week vir drie opeenvolgende weke in 'n nuusblad, gepubliseer word, in die geval van so 'n petisie wat betrekking het op die uitoefening van enige ander bevoegdhede (as die bevoegdhede om 'n munisipaliteit in 'n aantal wyke te verdeel of te herverdeel en die grense van sodanige wyke te bepaal of te herbepaal) by artikel *sewe* verleen.”

Vervanging van artikel 12 van Ordonnansie 13 van 1963.

4. Artikel 12 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Prosedure waar geen petisie voorgelê word nie.

12. (1) Die Uitvoerende Komitee kan van tyd tot tyd enige van die bevoegdhede verleen by artikel *sewe* uitoefen sonder dat 'n petisie voorgelê word, mits voor die uitoefening van enige sodanige bevoegdheid daar —

- (a) in die geval van die voorgenome uitoefening van die bevoegdheid by artikel *sewe* verleen om 'n munisipaliteit in 'n aantal wyke te verdeel of te herverdeel en die grense van sodanige wyke te bepaal of te herbepaal, in minstens een gewone uitgawe van die *Offisiële Koerant* en minstens een keer in 'n nuusblad;
- (b) in die geval van die voorgenome uitoefening van enige ander bevoegdheid (as die bevoegdheid om 'n munisipaliteit in 'n aantal wyke te verdeel of te herverdeel en die grense van sodanige wyke te bepaal of te herbepaal) by artikel *sewe* verleen, in twee opeenvolgende gewone uitgawes van die *Offisiële Koerant* en een keer per week

MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE, 1978

No. 12 of 1978

and it shall be in the discretion of the Executive Committee to refuse the prayer of any such petition or to grant the whole or any part thereof.”.

3. Section 9 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

Amendment of section 9 of Ordinance 13 of 1963.

“(3) The substance and prayer of every petition shall, before it is submitted to the Executive Committee —

(a) be published in at least one ordinary issue of the *Official Gazette* and at least once in any newspaper, in the case of any such petition for the exercise of the powers by section *seven* conferred to divide or re-divide a municipality into any number of wards and to define or re-define the boundaries of such wards;

(b) be published in two consecutive ordinary issues of the *Official Gazette* and in any newspaper, at least once a week during three consecutive weeks, in the case of any such petition for the exercise of any other powers (than the powers to divide or re-divide a municipality into any number of wards and to define or re-define the boundaries of such wards) by section *seven* conferred.”.

4. The following section is hereby substituted for section 12 of the principal Ordinance:

Substitution of section 12 of Ordinance 13 of 1963.

“Procedure where no petition is presented.

12. (1) The Executive Committee may from time to time exercise any of the powers conferred by section *seven* without the presentation of any petition, provided that before the exercise of any such power, notice shall be given —

(a) in the case of the proposed exercise of the power by section *seven* conferred to divide or re-divide a municipality into any number of wards and to define or re-define the boundaries of such wards, in at least one ordinary issue of the *Official Gazette* and at least once in any newspaper;

(b) in the case of the proposed exercise of any other power (than the power to divide or re-divide a municipality into any number of wards and to determine or re-determine the boundaries of such wards) by section *seven* conferred, in two consecutive ordinary issues of the *Official Gazette* and

No. 12 van 1978 MUNISIPALE WYSIGINGSORDONNANSIE, 1978

vir drie opeenvolgende weke in 'n nuusblad,

kennis gegee word van die Uitvoerende Komitee se voorneme om sodanige bevoegdhede uit te oefen.

(2) As daar binne een maand na die datum van die laaste publikasie van sodanige kennisgewing geen voldoende rede aangetoon word waarom die bevoegdheid wat na voorneme uitgeoefen gaan word, nie uitgeoefen behoort te word nie, kan die Uitvoerende Komitee sodanige bevoegdheid uitoefen.”.

Vervanging van artikel 64 van Ordonnansie 13 van 1963, soos vervang deur artikel 4 van Ordonnansie 15 van 1972.

5. Artikel 64 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Kiesers wat nie kan lees of skryf nie.

64. (1) Die kiesbeampte, of 'n stemopnemer, moet op versoek van enige kieser wat nie kan lees of skryf nie, of wat deur blindheid of ander liggaamlike gebrek onbekwaam is om te stem op die wyse voorgeskryf by hierdie ordonnansie, in die teenwoordigheid van die kandidate of agente van kandidate wat aanwesig is die stem of stemme van sodanige kieser op 'n stembrief merk op die wyse wat sodanige kieser aandui en die stembrief in die stembus sit.

(2) Die kiesbeampte of 'n stemopnemer kan op versoek van enige kieser wat nie kan lees of skryf nie, of wat deur blindheid of ander liggaamlike gebrek onbekwaam is om te stem op die wyse voorgeskryf by hierdie ordonnansie en wat nie 'n versoek gerig het om sy stem deur die kiesbeampte of 'n stemopnemer ingevolge subartikel (1) te laat merk nie, en wat deur 'n ander persoon vergesel word, indien hy oortuig is dat daardie persoon die vader, moeder, broer, suster, man, vrou, seun, dogter of vriend van die kieser is en die ouderdom van agtien jaar bereik het, aan daardie kieser toestemming verleen om te stem met die hulp van die persoon wat hom vergesel, en nadat bedoelde toestemming verleen is, kan enigiets wat volgens hierdie ordonnansie aan of deur genoemde kieser in verband met die uitbring van sy stem gedoen moet word, gedoen word aan of met die hulp van die persoon wat hom vergesel.

(3) Die naam en nommer op die kieserslys van elke kieser wie se stem ooreenkomstig die bepalinge van hierdie artikel gemerk is en die rede waarom dit aldus gemerk is, moet op 'n afsonderlike lys geskryf word.”.

MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE, 1978

No. 12 of 1978

once a week during three consecutive weeks in any newspaper,

stating the intention of the Executive Committee to exercise such powers.

(2) If within one month after the date of the last publication of such notice no sufficient cause shall be shewn why the power proposed to be exercised shall not be exercised, the Executive Committee may exercise such power.”.

5. The following section is hereby substituted for section 64 of the principal Ordinance:

Substitution of section 64 of Ordinance 13 of 1963, as substituted by section 4 of Ordinance 15 of 1972.

“Voters who cannot read or write.

64. (1) The returning officer, or a polling officer, on the application of any voter who is unable to read or write or who is incapacitated by blindness or other physical cause from voting in the manner prescribed by this Ordinance shall, in the presence of such candidates or agents of candidates, as may be present mark the vote or votes of such voter on a ballot paper in the manner directed by such voter and the ballot paper shall be placed in the ballot box.

(2) The returning officer or a polling officer, on the application of any voter who is unable to read or write or who is incapacitated by blindness or other physical cause from voting in the manner prescribed by this Ordinance, who has not applied to have his vote recorded by the returning officer or a polling officer in terms of subsection (1), and who is accompanied by another person, may, if he is satisfied that such person is the father, mother, brother, sister, husband, wife, son, daughter or friend of the voter and has attained the age of eighteen years, permit such voter to vote with the assistance of the person accompanying him, and upon such permission being granted, anything which is by this Ordinance required to be done to or by the said voter in connection with the recording of his vote, may be done to or with the assistance of the person accompanying him.

(3) The name and number on the voters' roll of every voter whose vote is marked in pursuance of the terms of this section and the reason why it is so marked shall be entered on a separate list.”.

No. 12 van 1978

MUNISIPALE WYSIGINGSORDONNANSIE, 1978

Wysiging van artikel 165 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 5 van 1964, artikel 6 van Ordonnansie 29 van 1965 en artikel 2 van Ordonnansie 8 van 1976.

6. Artikel 165 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) enige gebou of perseel wat aan die Administrasie behoort: Met dien verstande dat waar enige sodanige gebou of perseel as woning geokkupeer of as ’n huisvestingsinrigting soos omskryf in die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme, 1973 (Ordonnansie 20 van 1973), gebruik word, die Uitvoerende Komitee ’n bedrag gelyk aan die aangeslane belasting minus die toepaslike korting bepaal kragtens artikel 167(1)(aA) ten opsigte van sodanige gebou of perseel daarvan moet bydra tot die fondse van die munisipaliteit in die gebied waarvan die gebou of perseel geleë is, en dat waar die gebou of perseel vir openbare doeleindes gebruik word, die Uitvoerende Komitee die helfte van die aangeslane belasting kan bydra. By die toepassing van hierdie paragraaf beteken “perseel” die grond waarop ’n gebou of ander blywende struktuur werklik staan, sowel as enige ander grond wat werklik vir die doeleindes van sodanige gebou of ander struktuur geokkupeer word, maar sluit dit aangrensende grond uit wat nie werklik aldus geokkupeer word nie;”.

Wysiging van artikel 167 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 7 van Ordonnansie 29 van 1965 en artikel 4 van Ordonnansie 8 van 1976.

7. Artikel 167 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragrawe (a) en (b) van subartikel (1) deur die volgende paragrawe te vervang:

“(a) Elke liggingswaardebelasting, verbeteringsbelasting, gesondheidsbelasting en algemene belasting wat ingevolge hierdie ordonnansie opgelê word, moet aan die Registrateur van Aktes bekend gemaak word en elke belasting of paaient daarvan word verskuldig en betaalbaar by die raad se kantoor op ’n dag wat die raad bepaal, en die raad moet by wyse van ’n advertensie in ’n nuusblad minstens dertig dae kennis gee van die dag waarop ’n paaient van die belasting betaal moet word en watter paaiente betaal moet word.

(aA) (i) Buiten soos hierna bepaal, is elkeen wat so ’n paaient van sodanige belasting betaal binne dertig dae na die datum waarop dit verskuldig en betaalbaar word, geregtig op ’n korting, deur die raad bepaal, van minstens tien persent en, buiten met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee, hoogstens veertig persent, mits alle agterstallige belastings saam met betaalbare rente betaal is.

(ii) Verskillende kortings kan deur ’n raad kragtens hierdie paragraaf bepaal word ten opsigte van —

(aa) eiendomme wat in verskillende gedeeltes van die munisipale gebied geleë is;

MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE, 1978

No. 12 of 1978

6. Section 165 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

Amendment of section 165 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 4 of Ordinance 5 of 1964, section 6 of Ordinance 29 of 1965 and section 2 of Ordinance 8 of 1976.

“(b) any building or site the property of the Administration: Provided that the Executive Committee shall, in respect of any such building or site, contribute to the funds of the municipality in the area of which the said building or site is situated a sum equal to the rates assessed minus the applicable reduction determined under section 167(1)(aA) when such building or site of such building, is occupied as a dwelling or used as an accommodation establishment as defined in the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973 (Ordinance 20 of 1973), and may contribute one-half of the rates assessed when such building or site is used for public purposes. For the purposes of this paragraph “site” shall mean the ground upon which a building or other permanent erection actually stands and any other ground actually occupied for the purpose of such building or other erection, but shall not include ground contiguous thereto but not actually so occupied;”.

7. Section 167 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraphs (a) and (b) of subsection (1) of the following paragraphs:

Amendment of section 167 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 7 of Ordinance 29 of 1965 and section 4 of Ordinance 8 of 1976.

“(a) Every site value rate, improvement rate, health rate and general rate imposed under this Ordinance, shall be notified to the Registrar of Deeds and every rate or instalment thereof shall become due and payable at the offices of the council upon a day to be fixed by the council, of which day and of which instalment of the rates the council shall give at least thirty days notice by advertisement in a newspaper.

(aA) (i) Except as hereinafter provided, every person who pays such instalment of such rate within thirty days of the day on which it becomes due and payable shall be entitled to a reduction, determined by the council, of at least ten per cent and, except with the approval of the executive Committee, not exceeding forty per cent, provided that all arrear rates together with any interest due thereon have been paid.

(ii) Different reductions may be determined by a council under this paragraph in respect of —

(aa) properties situated in different parts of the municipal area;

No. 12 van 1978 MUNISIPALE WYSIGINGSORDONNANSIE, 1978

(bb) eiendomme wat ingevolge die bepalings van 'n dorpsbeplanningskema wat vir die munisipale gebied geld, vir verskillende doeleindes gesoneer is: Met dien verstande dat die raad by die bepaling van enige sodanige korting verder kan onderskei met betrekking tot eiendomme wat vir bepaalde doeleindes gesoneer is, maar met die vergunning van die raad vir ander doeleindes of verskillende ander doeleindes gebruik word.

(iii) Enige kortings deur 'n raad kragtens hierdie paragraaf bepaal moet in minstens een gewone uitgawe van die *Offisiële Koerant* en minstens een keer in 'n nuusblad gepubliseer word.

(iv) By die toepassing van hierdie paragraaf beteken —

(aa) “dorpsbeplanningskema” 'n dorpsbeplanningskema wat kragtens die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954), goedgekeur is;

(bb) “soneer”, met betrekking tot 'n eiendom, die bepaling in 'n dorpsbeplanningskema wat vir 'n munisipale gebied geld van die doeleindes waarvoor die eiendom primêr gebruik moet word.

(aB) Die raad kan na goeë dunke rente teen 'n koers wat nie hoër is nie as die maksimum koers wat van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Komitee bepaal en by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig word, maar teen 'n minimum bedrag van een rand, bereken van die datum waarop die belasting betaalbaar is tot op die dag waarop dit betaal word, vorder ten opsigte van alle belastings wat nie binne sestig dae van die datum waarop hulle betaalbaar geword het, betaal is nie.

(b) Die betaling deur die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens van belastings, gehê ingevolge hierdie ordonnansie, op onroerende eiendom belasbaar ingevolge die Wet op Belasting op Spoorwegeiendom, 1959 (Wet 25 van 1959), is onderhewig aan die toepaslike korting bepaal kragtens paragraaf (aA), hetsy sodanige betaling geskied binne dertig dae nadat die raad sodanige administrasie in kennis gestel het van die bedrag wat ten opsigte van sodanige belastings betaal moet word, of nie, en is nie onderhewig aan enige rente nie as dit nie binne sestig dae na ontvangs van inligting oor die betaalbare bedrag betaal word nie.”

MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE, 1978

No. 12 of 1978

(bb) properties which, in terms of the provisions of a town planning scheme applicable to the municipal area, have been zoned for different purposes: Provided that a council, when determining any such reduction, may further differentiate in relation to properties which have been zoned for specified purposes but which are, with the permission of the council, being used for other purposes or for different other purposes.

(iii) Any reductions determined by a council under this paragraph shall be published in at least one ordinary issue of the *Official Gazette* and at least once in any newspaper.

(iv) For the purposes of this paragraph —

(aa) "town planning scheme" shall mean a town planning scheme approved under the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954);

(bb) "zone", in relation to any property, shall mean the determination in a town planning scheme applicable to a municipal area, of the purposes for which the property shall be used primarily.

(aB) Interest at a rate not exceeding the maximum rate which shall from time to time be determined by the Executive Committee and promulgated by notice in the *Official Gazette*, with a minimum amount of one rand, may in the discretion of the council, be charged as from the date on which the rates fall due to the date of payment on all rates which have not been paid within sixty days of the date upon which they fell due.

(b) Payment of rates levied in terms of this Ordinance, by the South African Railways and Harbours Administration on immovable property rateable in terms of the Rating of Railway Property Act, 1959 (Act 25 of 1959), shall be subject to the applicable reduction determined under paragraph (aA) whether or not such payment is made within thirty days of the council informing such Administration of the amount payable in respect of such rates and shall not be subject to any interest if not paid within sixty days of receipt of information of the amount payable."

No. 12 van 1978 MUNISIPALE WYSIGINGSORDONNANSIE, 1978

Wysiging van artikel 225 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 9 van Ordonnansie 29 van 1965, artikel 5 van Ordonnansie 9 van 1972 en artikel 5 van Ordonnansie 11 van 1977.

8. Artikel 225 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde "duisend rand" deur die woorde "twee duisend vyfhonderd rand" te vervang.

Wysiging van artikel 240 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 23 van 1969, artikel 6 van Ordonnansie 7 van 1971 en artikel 10 van Ordonnansie 8 van 1976.

9. Artikel 240 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na paragraaf (4) die volgende paragrawe in te voeg:

"Ereburger-
skap van muni-
sipaliteit. (4A) ereburgerskap van die munisipaliteit toeken aan iemand wat voortreflike diens aan die gemeenskap gelewer het, hetsy —

(a) bedoelde persoon binne of buite die munisipale gebied woon;

(b) bedoelde diens gelewer is aan die gemeenskap van die munisipale gebied of aan die gemeenskap in die algemeen;

Vryheid van lorp. (4B) vryheid van die dorp toeken aan 'n eenheid van die Suid-Afrikaanse Weermag;".

Kort titel en inwerking-treding.

10. (1) Hierdie Ordonnansie heet die Munisipale Wysigingsordonnansie, 1978, en artikels 6 en 7 tree in werking op 'n datum wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal en by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig word.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende munisipale gebiede bepaal word.

MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE, 1978

No. 12 of 1978

8. Section 225 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words "one thousand rand" of the words "two thousand five hundred rand".

Amendment of section 225 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 9 of Ordinance 29 of 1965, section 5 of Ordinance 9 of 1973 and section 5 of Ordinance 11 of 1977.

9. Section 240 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after paragraph (4) of the following paragraphs:

Amendment of section 240 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 1 of Ordinance 23 of 1969, section 6 of Ordinance 7 of 1971 and section 10 of Ordinance 8 of 1976.

"Freedom of municipality. (4A) award freedom of the municipality to any person who has rendered meritorious service to the community whether —

- (a) the said person resides within or outside the municipal area;
- (b) the said service was rendered to the community of the municipal area or to the community at large;

Freedom of town. (4B) award freedom of the town to any unit of the South African Defence Force;"

10. (1) This Ordinance shall be called the Municipal Amendment Ordinance, 1978, and sections 6 and 7 shall come into operation on a date to be determined by the Executive Committee and promulgated by notice in the *Official Gazette*.

Short title and commencement.

(2) Different dates may be determined under subsection (1) in respect of different municipal areas.